

8 April 2020

Beste kollegas

In ongekende tye soos wat ons nou beleef is die toon van leierskap baie belangrik. Mnr Sean Moore van ASCI het onderstaande wysheid oor leierskap vir my aangestuur, ek het dit vertaal en effens aangepas. Mag dit julle in hierdie tyd ook inspireer.

### **Leierskap in krisistye**

- Leiers moet besluite kan neem, dit bepaal rigting en optrede (*soos Josua gedoen het*)
- Leiers moet in hul optrede vertrouwe wek, gebaseer op vertrouwe wat voorheen gebou is (*soos wat Josef gedoen het*)
- Leiers moet samewerking aanspoor, en sy span kan motiveer (*soos wat Dawid gedoen het*)
- Leiers moet hoop skep dat die korttermyn veranderinge op die langtermyn voordelig gaan wees. (*soos wat Nehemia gedoen het*)
- Leiers moet volhard in positiewe optrede wat sy span se optrede ook positief sal beïnvloed (*soos wat Daniël gedoen het*)
- Leiers moet aanpasbaar wees en van koers kan verander as daar nuwe inligting beskikbaar is. (*soos wat die Rigters gedoen het*)
- Leiers moet bly kommunikeer en toepaslike geverifieerde inligting deel, anders raadpleeg die span dalk verkeerde bronne. (*soos wat Moses gedoen het*)
- Leiers moet energie hê om met inspanning te kan volhou, dit spoor die span ook aan om uithouvermoë aan die dag te lê (*soos wat Paulus gedoen het*)
- Leiers moet kalm en stabiel wees en hul eie emosies beheer om so ook die span se emosies positief te kan bestuur (*soos wat Ester gedoen het*)
- Leiers moet in staat wees om kreatiewe oplossings te kan ondersoek en te kan toepas. (*soos wat Samuel gedoen het*)

### **Beplanning vanaf die ICO se tafel:**

#### **1. Aanlyn leer**

Van die ICO skole maak met groot sukses van verskeie aanlynplatforms gebruik. Ongelukkig is daar baie min Afrikaanse platforms. Die meeste onderwysers verkies om nie van 'n platform wat reeds lesse ontwikkel het, gebruik te maak nie, hulle wil steeds die interaksie met hul leerlinge behou. Boonop gaan reeds ontwikkelde lesse nie noodwendig ons eiesoortige karakter kan oordra nie.

Die mees bekende Afrikaanse aanlynplatform is die Wolkskool wat met sukses aanvullend gebruik kan word. Dan is daar verskeie tuisskool webtuistes wat ook hulpmiddels kan verskaf.

Onderwysers wat hul lesse self aanbied maak dan gebruik van platforms soos:

**WhatsApp, Microsoft Teams, Google Gsuite, Zoom: Gratis, Seesaw: Gratis, Loom: Gratis, Flipgrid: (witbord-toepassing) Gratis, LiveBoard: (witbord-toepassing) Gratis, Vocaroo: (aanlyn stemopnames) Gratis, NeadPod: (maak lesse met klank, video, skyfies en dokumente) Gratis.**

Bogenoemde is 'n vinnige opsomming van 'n paar platforms. Ons hoop om binnekort meer volledige inligting te stuur.

## **2. Kommunikasie met ICO onderwysers**

Die enigste vorm van kommunikasie wat tans gebruik word is via e-pos. Daar is ook 'n w-app groep vir skoolhoofde. Vergewis julle dus van die memo's asook die nuusbriewe van ons tafel af.

Die jaarlikse seminaar waar belangrike een-tot-een kommunikasie plaasvind sal waarskynlik nie vanjaar realiseer nie. Dit is 'n groot jammerte, maar onvermydelik.

'n Zoom vergadering met die skoolhoofde kan ook 'm opsie wees om die bande te verstewig en mekaar te ondersteun.

## **3. Internasionale praktyk**

Gaan doen navorsing oor hoe ander Christelike skole oor die wêreld heen aanlyn onderrig toepas. Onderzoek wat is die beste praktyk en leer daaruit. Onthou daar is nie 'n "one-size-fits all" nie

## **4. Finansies**

In ons vorige memo het ons hierdie saak ook aangeraak. Na aanleiding van heelwat navrae oor die betaling van skoolfooie is dit belangrik om die volgende in ag te neem. Daar was ook vrae oor naskoolsentrums asook oor kleuterskole

Daar is nie 'n enkele antwoord wat vir almal pasklaar is nie, elke skool het sy eie unieke omstandighede en ons sal poog om te help waar ons kan.

### **Verpligting:**

- Die kontrak wat die ouers onderteken het is steeds bindend

Kyk na die volgende:

- Word skoolgelde jaarliks gehef wat ouers maandeliks betaal? As dit so is, is die fooie steeds verskuldig, aangesien dit deel uitmaak van 'n jaarlikse pakket
- Is daar 'n oortreding in die kontrakklousules en wat bepaal dit?
- Bied die skool steeds hul diens aan, maar net van 'n ander platform af?
- Kan die COVID-19 as 'n daad van God gesien word en ouers vrystel van skoolgelde? Sien dokument: [Daad van God](#)

Daar sal werklik min gevalle wees waar ouers die betaling wettiglik kan weerhou of die kontrak kan kanselleer weens die staat van inperking. Dit kan wel gebeur dat ouers moontlik nie in staat is om skoolgeld te betaal nie, weens 'n gebrek aan inkomste.

Hierdie situasie sal met baie empatie hanteer moet word. As gelowiges stap ons 'n bepaalde pad met ons ouers en leerlinge, ook wat die finansies betref, maar daar moet

'n balans wees tussen die nakom van liefdadigheid en die voorsien in operasionele behoeftes. Min skole is in die posisie om ouers onbepaald uitstel te gee om skoolfooie te betaal.

Skoolbesture/direksies gaan baie kreatief te werk moet gaan en slim planne moet beraam om die nie-betaling te hanteer. Oorweeg bv subsidies, daar is dalk ouers wat finansiëel glad nie geraak word nie en die wat swaar kry kan subsidieer, Die verlenging van betalingstyd en aan ander betalingsplanne is dalk ook opsies om te oorweeg.

Skole moet soos normaal faktureer. Verkieslik vergesel van 'n begeleidende brief aan die ouers wat verduidelik dat onderrig en leer steeds voortgaan en dat onderwysers daarmee besig is. Infrastrukture, personeel en ander uitgawes gaan nie opeens verdwyn nie.

Hanteer die slegte skuld soos dit ontstaan. Dit kan insluit dat daar planne beraam word om ouers wat hul inkomste verloor het, te help. Moontlik kan 'n nuwe betalingsooreenkoms vir elke aansoek opgestel word.

Skole kan ook by hul bank aansoek doen om 'n oortrokke fasiliteit om die situasie met slegte skuld te hanteer

### **Voorstel vir brief na ouers:**

Indien die skool 'n brief na die ouers stuur moet dit die volgende inligting bevat:

- 'n Algemene herinnering hoe 'n skool funksioneer. Die skoolgebou kan gesluit wees, maar onderrig gaan steeds voort. Onderrig is dus nie beperk tot 'n fisiese plek nie
- Dat die skool daartoe verbind is om alles in hul vermoë te doen om kwaliteit Christelike onderwys aan elke kind in hul onderskeie graad te bied. Alhoewel die sluit van die skool 'n invloed op almal se lewens het sal uitnemende onderrig steeds voortgaan. Die skool gaan alles in hul vermoë doen om die skooldag so normaal as moontlik tuis te laat verloop. Verduidelik ook wat u skool gaan voorsien.
- Herinner ouers aan die waarde daarvan om lid te wees van 'n (onafhanklike) skool met toegewyde personeel, wat die opvoedingsproses voort sit, alhoewel vanaf 'n afstand.
- Dit is belangrik om dit onder die ouers se aandag te bring dat onderwysers die skool se belangrikste hulpbron is en dat dit mooi opgepas moet word. Indien die skool hul onderwysers gaan verloor sal dit vir die skool moeilik wees om na die staat van inperking weer kwaliteit onderrig te kan gee. Goeie onderwysers gaan weer aangestel moet word.
- Dat die onderwysers sal voortgaan om lesse en assesserings voor te berei en aan te hou met onderrig. Daar word van onderwysers verwag om nuwe vaardighede aan te leer. Finansiële bronne word aangewend om aanlyn infrastrukture so goed as moontlik te skep sodat onderwysers en leerlinge volhoubaar met mekaar kan kommunikeer.
- Sluit die brief af met 'n herinnering dat onderwysers 'n mooi verhouding met die ouers tuis skep. Ons skole is 'n verlengstuk van die huisgesin, ouers en skole

staan aan dieselfde kant van die speelveld met die fokus om steeds die kind te vorm en te onderrig soos die Here dit van ons vra.

## 5. Algemene opmerkings.

- **Kommunikasie:** Skoolhoofde moet in hierdie tyd gereeld na die ouers kommunikeer. Wees deursigtig en eerlik. Fokus op wat die kernbesigheid van u skool is en dra dit ook so aan die ouers oor.
- **Buitemuurse aktiwiteite:** Belangrike aspek van skool, maar dit is nie die kernbesigheid van die skool nie. Dit is nie nou die tyd om bekommerd te wees daaroor nie. Akademiese onderrig moet kan voortgaan. *“Buitengewone tye eis buitengewone maatreëls”*. Fokus daarop dat alle kinders akademies in staat is om na die volgende graad te vorder.
- **Christelike kurrikulum:** Hier is soveel aanlyn hulpbronne beskikbaar wat wonderlik is, maar moenie vergeet wat die ICO skole se kurrikulumfokus is nie. Indien u van die hulpbronne gebruik maak, moet u die inhoud baie krities beskou en dit steeds so aanbied dat dit God-gesentreerd geïntegreerd aangebied word. Onthou digitale inhoud is nie nou skielik gevrywaar van inhoud wat ons lief nie vir ons kinders wil leer nie. Dit beteken dat u seker moet maak u vra steeds die volgende vrae naamlik:
  1. Wat is die Godsaanskouing (wie is God) wat ons deur middel van die inhoud oordra,
  2. Wat is die mensbeskouing (wie is die mens)
  3. Wat is die Skeppingsbeskouing naamlik wie is die mens. Dit moet steeds deel vorm van u lesvoorbereiding.
- **Strukture:** Wees deursigtig na die skoolgemeenskap. Die skoolbesture/direksies bedien steeds dieselfde lede/ouers/kinders/onderwysers, dit word nou net effens anders gedoen. 'n Kort uiteensetting van wat elkeen nou doen om te sorg dat onderrig steeds plaasvind stuur die boodskap uit dat die skool steeds effektief funksioneer.
- **Administratiewe personeel:** Hulle moet ook goed bestuur word. Die administratiewe personeel kan bv help met ondersteunende take van die onderwysers wat dalk nie voorheen deel van hul pligtestaat was nie bv soos hulpverlening met tegnologiebehoefte of telefoonoproep.
- **Remedierende onderrig:** Waar moontlik, kry die span wat gefokus het op remediërende onderrig / spesiale behoeftes om telefonies of deur middel van 'n aanlyn platform met hul kinders te werk.
- **Kwesbare gesinne:** Identifiseer kwesbare gesinne en doen moeite om uit te vind hoe dit met hulle gaan. Sommige het dalk 'n eie besigheid wat nou stilstaan, ander beskik dalk nie oor soveel tegnologiese hulpmiddels tuis nie en sukkel om by te bly met dit wat die skool stuur. Daar kan ook gesinne wees wat reeds voor die inperking probleme gehad het en na die skool uitgereik het vir hulp. Maak seker dat daar steeds met hulle gekommunikeer word.
- **Positieweiteit:** Fokus daarop om positieweiteit te versprei. Skep 'n kultuur van kreatiwiteit, innovasie en die benut van geleenthede. Laat dit ook deurskemer in alle kommunikasie na die skoolgemeenskap.

- **Gesinne:** Die skool speel nou 'n belangrike rol in elke gesin, dit is baie keer vir die gesinne 'n baken van normaliteit. Die skool skep 'n vorm van struktuur en roetine waarbinne ontwrigte gesinne kan inval. Wees net versigtig dat die gesinne nie met opdragte en inligting oorlaai word nie. In baie gesinne moet die ouers 'n kantoor tuis bedryf, die kinders onderrig en die huishouding bestuur. Daar is ook nie die luukse van iemand wat help om die wasgoed te was of in die tuin te werk nie. Dit verg ook alles tyd.
- **Personeel:** Waak oor die personeel wat nou onder 'n nuwe soort druk werk. Skielik moet daar op 'n heel ander wyse onderrig word, dit is nie vir almal ewe maklik nie. Van die onderwysers verlang regtig na die kinders en kry emosioneel swaar. Boonop moet hulle ook hul gesinne kombineer met nuwe werksomstandighede. Laat ons geduld met mekaar hê
- **Facebook:** Vermy die deel van leerinhoud en opdragte op sosiale platforms soos *facebook*. Hier is openbare skole wat dit so gedoen het. Van die ouers was baie positief daaroor, maar daar was ouers wat regtig venynige opmerkings, dalk uit onkunde, gemaak het. Dit strek tot niemand se vooreel nie. Deel gerus die oulike fotos van flukse kinders wat tuis werk. Dit motiveer die ander.

## 6. Kleuterskole

- Kleuterskole, wêreldwyd, is nou baie erg in die spervuur, veral insake die betaal van skoolfooie. Mense is geneig om kleuterskole as bewaarskole en dus nie-noodsaaklik te sien nie. Hul primêre funksie word dus nou deur die ouer oorgeneem wat bedags na hul eie kleuters moet kyk. Kleuterskole gaan dus baie hard moet werk om te verseker dat ouers lojaal bly. Die onderwysers moet kreatief wees en daaglik opvoedkundige takies, skeppende aktiwiteite en dalk 'n storie of twee vir die ouers stuur. So sorg hulle dat die ouers en kinders bly onthou dat die kleuterskool 'n onmisbare diens lewer. Dieselfde regsaspekte soos by die laer- en hoërskole geld ook hier. Die getekende kontrak bly steeds bindend.

## 7. ICO inisiatiewe

- **Vergaderings:** Skype of zoom vergaderings met skoolhoofde. Dit sal vanaf volgende week geskeduleer word. Na afloop van die tyd van inperking is dit 'n volhoubare manier van kommunikeer wat ons beslis meer gereeld gaan toepas.
- **Kontak:** Hou asb kontak met die ICO kantoor, ons sal nie hulp kan verleen as ons nie weet dat daar nood is nie
- **Motiveer:** Deel asb ook julle positiewe ervarings, veral ten opsigte van die verskillende platforms wat vir aanlynleer gebruik word, met die ander, dit moedig ander aan.
- **Webtuiste:** Die webtuiste gaan oor 'n tydperk van 2 tot 3 weke heeltemal opgegradeer word om ook op die langtermyn 'n behoefte van aanlynprodukte te vervul. Ons hoop om op so 'n wyse 'n beter diens aan ons eie ICO skole te kan bied.

- **Ledegeld:** Om die druk op die ICO skole te help verlig sal ledegelde eers na Oktober betaalbaar wees. Ons hoop dat dinge op die skoolfront dan effens gestabiliseer het.
- **Hiermee ook nuttige skakels:**
- [SMME webtuiste](#) (dien aansoek by regering in vir finansiële hulp, mits die skool aan die voorwaardes voldoen)
- Regeringsaankondiging insake die COVID-19 situasie en UIF [Regeringsaankondiging](#)
- Betaling van voordele aan werknemers wat inkomste verloor agv moontlike staat van inperking. [Covid19ters](#)
- Werkloosheidsversekering gids: [“Easy guide”](#)

‘n Laaste woord van my af.

Hierdie ongekende tye is tye wat ons as beproewend beleef. Boonop worstel ons steeds met ander moeites wat reeds voor die COVID situasie al daar was. Gereformeerde Skool Dirk Postma het in die turbulente tyd ook ‘n baie groot slag om te verwerk met die afsterwe van hul kunsonderwyser Mnr Alex van Houwelingen. Hy was ‘n besondere geliefde persoon in die hele gemeenskap en was vir baie leerlinge en onderwysers amper ‘n lewensafripter. Hy het die vermoë gehad om diep vrae te ondersoek en te beantwoord, altyd met die oog op God gerig. By die ICO het hy ook diep spore getrap, hy het talle van ons publikasies geïllustreer om sodoende sy mooi talent met al die ander ICO te kon deel.

As ons bedroef en besorg is moet ons mekaar as gelowiges bemoedig om ons oë op te slaan na die Here en te weet dit is waar ons hulp vandaan kom. Ons weet Hy is ons rots en ons vesting in moeilike tye.

Baie sterkte aan elke skool, hoof en onderwyser. Wees die stad op die berg, die lig wat in ‘n donker wêreld skyn.

Vriendelike groete

Saskia Meijer.